# <u>Sodat ek HOM kan ken (22-05-2016)</u>

**Hierdie is 'n baie groot onderwerp, want dit gaan oor Yahweh… Sodat ons HOM kan ken.**

**Om GOD te bedink, is Goddelik en 'n mens se verstand kan dit nie doen nie. So kan ons maklik onder 'n wanindruk kom oor Wie en Wat GOD is, daarom is dit belangrik om seker te maak oor Wie en Wat GOD is.**

**Baie keer bid ons gebede en dan kan ons nie verstaan hoekom dit nie verhoor word nie en dan is dit omdat ons HOM nie ken nie.**

**Die belangrikste wat ons moet weet, is dat GOD IS, WIE HY IS en Hy verander nooit nie en as ons nie in daai Lig kom nie, dan staan ons in die duister. GOD skyn nie waar ons staan nie, ons moet in Sy Lig inbeweeg…**

**Jeremia** 4:22  Want my volk is dwaas; My ken hulle nie; dwase kinders is hulle, en hulle is onverstandig; slim is hulle om kwaad te doen, maar om goed te doen, weet hulle nie.

**Exodus** 33:13  As ek dan nou genade in u oë gevind het, maak my dan tog u weë bekend, dat ek U kan ken

**Psalm** 91:14  Omdat hy My liefhet, sê God, daarom sal Ek hom red; Ek sal hom beskerm, *omdat hy my Naam ken*. 15  Hy sal My aanroep, en Ek sal hom verhoor; in die nood sal Ek by hom wees; Ek sal hom uitred en eer aan hom gee.

**Efésiërs** 3:17  sodat Christus deur die geloof in julle harte kan woon, julle wat in die liefde gewortel en gegrond is, 18  en julle in staat kan wees om saam met al die heiliges ten volle te begryp wat die breedte en lengte en diepte en hoogte is, 19  en die liefde van Christus te ken wat die kennis oortref, sodat julle vervul kan word tot al die volheid van God.

**Filippense** 3:8  Ja waarlik, ek ag ook alles skade om die uitnemendheid van die kennis van Christus Jesus, my Here, ter wille van wie ek alles prysgegee het en as drek beskou, om Christus as wins te verkry 9  en in Hom gevind te word, nie met my geregtigheid wat uit die wet is nie, maar met dié wat deur die geloof in Christus is, die geregtigheid wat uit God is deur die geloof; 10  sodat ek Hom kan ken…

**Nahum** 1:5  Die berge bewe voor Hom, en die heuwels smelt weg; en die aarde rys op voor sy aangesig, ja, die wêreld en almal wat daarin woon. 6  Wie sal standhou voor sy grimmigheid? En wie sal bestand wees teen die gloed van sy toorn? Sy gramskap word uitgegiet soos vuur, en die rotse word stukkend geruk voor Hom. 7  Die HERE is goed, 'n toevlug in die dag van benoudheid, en Hy ken die wat by Hom skuil.

**2 Korinthiërs** 5:11  Omdat ons dan die vrees van die Here ken, probeer ons om die mense te oortuig...

**Hebreërs** 10:30  Want ons ken Hom wat gesê het: My kom die wraak toe, Ek sal vergelde, spreek die Here; en weer: Die Here sal sy volk oordeel. 31  Vreeslik is dit om te val in die hande van die lewende God.

**Jeremia** 9:23  So sê die HERE: Laat die wyse hom nie beroem op sy wysheid nie, en laat die sterke hom nie beroem op sy sterkte nie, laat die ryke hom nie beroem op sy rykdom nie; 24  maar laat hy wat wil roem, hom hierop beroem dat hy verstaan en My ken, dat Ek die HERE is wat goedertierenheid, reg en geregtigheid op die aarde doen; want in dié dinge het Ek 'n behae, spreek die HERE.

**Jeremia** 24:7  En Ek sal hulle 'n hart gee om My te ken, dat Ek die HERE is;

**Matthéüs** 11:27  Alles is aan My oorgegee deur my Vader, en niemand ken die Seun nie, behalwe die Vader; ook ken niemand die Vader nie, behalwe die Seun en elkeen aan wie die Seun dit wil openbaar. 28  Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee. 29  Neem my juk op julle en leer van My, want Ek is sagmoedig en nederig van hart, en julle sal rus vind vir julle siele; 30  want my juk is sag en my las is lig.

**1 Korinthiërs** 13:11  Toe ek 'n kind was, het ek gepraat soos 'n kind, gedink soos 'n kind, geredeneer soos 'n kind; maar nou dat ek 'n man is, het ek die dinge van 'n kind afgelê. 12  Want nou sien ons deur 'n spieël in 'n raaisel, maar eendag van aangesig tot aangesig. Nou ken ek ten dele, maar eendag sal ek ten volle ken, net soos ek ten volle geken is. 13  En nou bly geloof, hoop, liefde—hierdie drie; maar die grootste hiervan is die liefde.

**Johannes** 17:3  En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het.

DAAR STAAN ÓÓK GESKRYWE